higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

11 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

262Q1N2211

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 In hierdie ekonomiese stelsel deel die regering en die private sektor ekonomiese verantwoordelikhede:

A Tradisionele stelsel
B Kapitalisme
C Gemengde stelsel
D Bevelstelsel

1.1.2 Een van die instrumente wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens gebruik word om geldvoorraad te beïnvloed, is …

A wisselkoers.
B terugkoopkoers.
C prima koers.
D inflasiekoers.

1.1.3 Die … bank hanteer groot sakekrediete soos landbouprojekte.

A afslag-
B kommersiële
C land-
D Cavendish-

1.1.4 Die rand/dollar-wisselkoers is tans $1 = R14,30. Veronderstel die rand het met 15% in waarde verminder. Die nuwe wisselkoers sal $1 = … wees.

A R16,47
B R17,50
C R12,00
D R14,45

1.1.5 Een van die volgende is NIE ’n strategie wat deur sakelui gebruik kan word wanneer hulle ekonomiese uitdagings in die gesig staar nie:

A Aanvallende strategie
B Gebeurlikheidstrategie
C Passiewe strategie
D Interne strategie

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Alle verwagte sakekoste op ’n maandelikse basis, soos huur, staan as … koste bekend.

A vaste
B veranderlike
C bo-
D totale

1.1.7 Hierdie indeks help besighede om te weet op watter produkte verbruikers aandring.

A BBP
B PPI
C VPI
D BNI

1.1.8 … is saketransaksies wat van ’n handstelsel na ’n gerekenariseerde stelsel omgeskakel het.

A Ekonomiese veranderings
B Politieke veranderings
C Sosiale veranderings
D Tegnologiese veranderings

1.1.9 Die proses om natuurlike plantegroei heeltemal te verwyder, staan bekend as …

A omgewingsvolhoubaarheid.
B bewaring.
C ontbossing.
D preservering.

1.1.10 Die koste van krediet is …

A ’n lening.
B ’n oortrekking.
C rente.
D bedrog.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die tabel hier onder deur die kosprys te bepaal. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

Koste in rand	34,40	172	**1.2.1**	860	**1.2.2**	**1.2.3**	**1.2.4**
Aantal hoede	1	5	20	25	30	45	60

(8 × 1) (8)

1.3 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

publieke sektor; globalisering; makelaar; sekuriteite; beleggingslikiditeit; ruilhandel; tekorteenhede

1.3.1 Die algemene naam wat vir alle tipes aandele gebruik word

1.3.2 Ekonomieë van die wêreld word in die vloei van goedere, dienste en kapitaal geïntegreer

1.3.3 Die mense wat in die finansiële markte geld nodig het

1.3.4 Die ruil van goedere en dienste sonder om geld te gebruik

1.3.5 ’n Breër term wat alle regeringsvlakke insluit

1.3.6 Koop en verkoop namens kliënte aandele by die JSE

(6 × 2) (12)
[30]

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE funksies van die landbank. (3 × 2) (6)

2.2 Verduidelik kortliks die konsep *saamval van behoeftes*. (4)

2.3 Gee TWEE voorbeelde van kommoditeite wat as ruilmiddel gebruik is voor geld uitgevind is. (2)

2.4 Noem TWEE moderne betaalmiddele. (2)

2.5 Noem die verskil tussen *primêre* en *sekondêre mark vir aandele*. (4)

2.6 Verduidelik die impak van buitelandse direkte investering. (4)

2.7 Noem DRIE tipes markaandele. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 55

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Verbruikersinflasie versnel vir 'n tweede maand

Jaarlikse verbruikersprysinflasie het effens gestyg tot 5% in September, van 4,9% in Augustus en 4,6% in Julie. Dit verteenwoordig die vyfde opeenvolgende maand met jaarlikse inflasie bo die 4,5% middelpunt van die Suid-Afrikaanse Reserwebank se monetêrebeleidteikengrense. Die maandelikse verandering in die VPI was 0,2%.

[Bron: statssa.gov.za 20 Oktober 2021]

3.1.1 Definieer die term *inflasie*. (2)

3.1.2 Wat is Suid-Afrika se inflasieteikengrens? Verduidelik dit ingevolge die onlangse verslag hier bo. (3)

3.1.3 Verduidelik kortliks die stelling wat sê dat inflasie die waarde van 'n mens se inkomste met tyd erodeer. (3)

3.1.4 Noem enige oorsaak van inflasie in Suid-Afrika. (2)

3.1.5 Definieer die term *ekonomiese aanwyser*. (2)

3.1.6 Noem VIER ekonomiese aanwysers. (4)

3.2 Onderskei tussen *direkte finansiering* en *indirekte finansiering*. (4)

3.3 Skryf die akroniem VPIX ('CPIX') volledig uit. (1)

3.4 Bespreek die impak van 'n olieprysverhoging op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4)

[25]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *suiwer ekonomiese aanwysers* en *finansiële ekonomiese aanwysers* en gee een voorbeeld van elk. (2 × 4) (8)

4.2 Hoe veroorsaak 'n styging in inflasie werksverlies, armoede en misdaad? (5)

4.3 Gee VIER voorbeelde van buitelandse valuta. (4)

4.4 Die sake-omgewing word uit DRIE omgewings saamgestel.

Noem hierdie omgewings. (3)

4.5 Verduidelik kortliks die VIER komponente van die bemarkingsmengsel. (4 × 2) (8)

4.6 Wat is die verskil tussen die *promosie* van die beeld van ’n besigheid en *reklame*? (2 × 2) (4)

4.7 Noem die produksiefaktor waarna elk van die volgende stellings verwys:

4.7.1 Iemand moet ’n geleentheid erken en ’n besigheidsidee ontwikkel.

4.7.2 Geld en goedere wat nodig is om ’n besigheid te begin.

4.7.3 Produkte word hoofsaaklik uit die natuur gemaak.

4.7.4 Fisiese teenwoordigheid van mense en hul vaardighede is nodig in ’n besigheid.

(4 × 2) (8)

4.8 Bespreek hoe mededinging tussen besighede verbruikers bevoordeel. (2 × 3) (6)

4.9 Om ’n besigheid te bedryf is ’n risiko en die eienaar moet altyd daarvoor voorberei.

Bespreek kortliks hoe jou besigheid op die volgende uitdagings sal reageer:

4.9.1 Gereelde kragonderbrekings deur Eskom (beurtkrag)

4.9.2 Die vervaardiging van hoogs vlambare produkte soos hout of materiaal

(2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

Woeste brande bedreig die Hoëveld-landboustreek.

5.1 Met betrekking tot die bogenoemde opskrif, bespreek hoe die volgende mense deur die vuur geraak kan word:

5.1.1 Plaaseienaars

5.1.2 Werkers

(2 × 2) (4)

5.2 Onderskei tussen *tender* en *verkryging*. (2 × 2) (4)

5.3 Die regering verskaf dienste aan die publiek deur die tenderproses en verkryging te gebruik.

Noem die uitdagings wat hierdie prosesse in jou gemeenskappe veroorsaak het. (2 × 2) (4)

5.4 Watter organisasie in Suid-Afrika is verantwoordelik vir die invordering van belasting? (2)

5.5 Elizabeth is pas permanent aangestel. Sy verdien R14 700. Sy moet 15% inkomstebelasting betaal.

5.5.1 Bereken hoeveel belasting sy sal betaal. Toon alle berekenings. (3)

5.5.2 Bereken haar besteebare inkomste. (3)

5.6 Bespreek die noodsaaklikheid van belasting vir die regering. (2 × 3) (6)

5.7 Lys VIER vorms van belasting. (4)
[30]

VRAAG 6

6.1 Om sy besigheid uit te brei, het Elroy 'n lening van R35 000 by Nedbank gesekureer, teen 12% rentekoers, wat oor vier jaar betaalbaar is.

6.1.1 Bereken sy enkelvoudigerentekoste. (4)

6.1.2 Bereken sy saamgestelderentekoste. (18)

6.1.3 Bereken sy totale skuld op saamgestelde rente. (3)

6.2 Gee VIER voordele daarvan om krediet te gebruik. (4 × 2) (8)

6.3 Gee DRIE voorbeelde van lenings waarvoor 'n mens kan aansoek doen. (3)

6.4 Onderskei tussen 'n *entrepreneur* en *bestuur.* (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 145
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou